
STUDY Mate
GRADE 11
195 DAYS before final exams!
Afrikaans Eerste Addisionele Taal
ISSUE 6 2008
Mathematics Mathematical Literacy English FAL Afrikaans FAL Physical Science Life Sciences Accounting Business Studies History Geography
learning channel





# National Senior Certificate Grade 11
# Afrikaans Eerste Addisionele Taal
## Exemplar 2007 – Paper 1

PUNTE: 80
TYD: 2 uur
Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
   AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1)
   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2)
   AFDELING C: TAAL (VRAAG 3)
3. Lees AL die instruksies en vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die MIDDEL van die bladsy en laat 'n reël oop tussen antwoorde.
5. Trek 'n lyn na elke voltooide afdeling.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
8. Skryf netjies en leesbaar en gebruik slegs blou ink.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: 'N KOERANTARTIKEL, TYDSKRIFARTIKEL EN ADVERTENSIE

Lees die onderstaande koerantartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

## DISSIPLINE: 'Onnies kán nie die las dra nie.'



1. Ouers moet verantwoordelikheid vir hulle kinders se gedrag by die skool aanvaar en nie dissipline net aan opvoeders oorlaat nie. Só het me. Naledi Pandor, Minister van Onderwys, in 'n onderhoud gesê oor die Departement van Onderwys se voorstel om belhamels in skole vas te vat deur hulle ouers te betrek om die probleem te help oplos.
2. Sy het gesê haar plan is om ongedissiplineerde leerders vir 'n kort tydjie uit skole te haal en hulle hul skoolwerk onder die toesig van hulle ouers te laat doen.
3. Besonderhede oor die Departement se strategie om skole veiliger te maak, is ook bespreek. Sy vra die gemeenskap se hulp met beplanning om 'n veilige skoolomgewing te bevorder. Daar moenie van skole verwag word om hierdie las alleen te dra nie.
4. Volgens haar is skolegeweld nie 'n algemene verskynsel nie en daarom gaan die Departement net met sekere probleemskole werk. Vyf miljoen rand is opsygesit om hulpmiddels soos metaalverklikkers en kringtelevisiekameras by een probleemskool in elk van die nege provinsies te installeer.
5. Die Departement is besig om riglyne oor dwelmtoetse op te stel met inagneming van die leerders se kinderregte volgens ons Grondwet. Elke skool moet self 'n algemene gedragskode opstel en dit duidelik oral op die skoolterrein aanbring.
6. Pandor het gesê sy gaan 'n vergadering met skoolbeheerliggame, onderwysvakbonde, nie-regeringsorganisasies en jeuggroepe hou om verdere planne en oplossings vir skolegeweld te bespreek.

[Verwerk uit: *Beeld*, 2006.10.27]

**VRAE:**

1.1 Watter EEN WOORD (paragraaf 1) sê dat ouers by skooldissipline betrokke moet raak? (1)

1.2 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.2) in die antwoordeboek neer.
'n Belhamel (paragraaf 1) is 'n …
A kwaaddoener.
B gehoorsame leerder.
C rugbyspeler.
D voorbeeldige leier. (1)

1.3 Wat is ouers se rol wanneer hulle kinders skoolwerk tuis moet doen? (1)

1.4 Die gemeenskap moet al die verantwoordelikheid aanvaar vir veiligheid in skole. 1.4.1
1.4.1 Sê of die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is.
1.4.2 Haal 'n GEDEELTE VAN 'N SIN uit die koerantartikel aan om jou antwoord te bewys. (1)
(1)

1.5 Haal 'n DEEL VAN 'N SIN aan waaruit ons aflei dat geweld nie in alle skole voorkom nie. (1)

1.6 Watter tegnologiese hulpmiddels kan help om die skole veiliger te maak? Noem TWEE voorbeelde. (2)

education
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

1.7 Waarom, dink jy, sal dwelmtoetse help om skolegeweld te verminder? Verduidelik jou antwoord in EEN SIN. (1)
1.8 Waaruit lei ons af dat Minister Pandor nog besig is met haar ondersoek? (1)
1.9 Lees weer die opskrif van die koerantartikel. Verduidelik in EEN SIN wat die minister met hierdie woorde bedoel. (1)

**(11)**

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:




**STAP 1**
**JY MOET WEET** wie jy is en wat jou perke is. Dink voor 'n partytjie aan wat moontlik kan gebeur en besluit wat jy dan sal doen. Maak vriende met mense wat dieselfde waardes as jy het. Dan sal julle in dieselfde goed belangstel en hulle sal verstaan as jy oor iets van hulle verskil.

**STAP 2**
**HERKEN DIE TEKENS.** As jy bang, ongemaklik of verleë voel oor iets, moet dit liewer nie doen nie. Vra jouself: Voel ek goed hieroor? Watter gevolge kan dit hê? Sê duidelik dat jy klaar besluit het en nie meer daaroor wil praat nie. Sê 'nee' en stap weg voor die groep jou anders laat dink en doen.

**STAP 3**
**AS HULLE AANHOU**, sê: Almal is anders, selfs hulle. As jy daarna uitgestoot en alleen voel, dink aan die groter prentjie. Jou besluit om getrou aan jou waardes te bly, sal maak dat mense groter respek vir jou het as wanneer jy net doen wat almal doen.

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 2006.11.09]

## WOORDEBOEKGEBRUIK

**ge·mak'lik** b.nw. en bw. **1(a)** Wat gemak verskaf; gerieflik lekker: *'n Gemaklike stoel, lêplek. Jou studeerkamer gemaklik inrig.* **(b)** Op jou gemak: *Sit, lê jy gemaklik?* Eng.: at ease, comfortable.. IsiZulu: ntofontofo. Sesotho: (ntho e)

**ge·trou'** b.nw. en bw. Met 'n diepe pligsbesef; toegewyd: *'n Getroue amptenaar, dienaar. 'n Getroue waghond.*

**grens** s.nwe. (-e) Lyn wat 'n sy of die omtrek van 'n gebied bepaal of een gebied van 'n ander daarnaas geleë skei: *Die grense van 'n plaas, distrik, provinsie, land.* Eng.: boundary. IsiZulu: umngcele. Sesotho: moedi/mola.

**her·ken'** ww. Weer ken; eien: *Na baie jare kon ek my ou vriend nog herken.* Eng.: recognise. IsiZulu: ukukhumbula, ukwamukelwa/ukubona. Sesotho: (ho) tseba/hlokomela/elelwa.

**ver·le'ë** b.nw en bw. Beskroomd; bedees; skamerig: *Verleë voel oor al die ophef. 'n Verleë lag. As jy verleë is (voel), bloos jy altyd.* Eng.: shy. IsiZulu: amahloni. Sesotho: ho ba dihlong.

**waar'de** s.nw (-s) Gewoonte, gebruik, gedrag wat as goed en reg beskou word. *Die waardes of sedes van 'n groep mense of 'n kultuur.* Eng.: values, morals. IsiZulu: izinto ezibalulekile. Sesotho: dintho tsa bohlokwa.

[Bronne: *HAT* en *VEELTALIGE WOORDEBOEK*]

## VRAE:

1.10 Waarmee wil dié tydskrifartikel jongmense help? (1)
1.11 Watter WOORD voltooi die volgende sin KORREK? Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.11) in die antwoordeboek neer.
Die meisie in die tydskrifartikel se gesigsuitdrukking wys dat sy … is.
A tevrede
B ongelukkig
C moeg
D besluiteloos (1)
1.12 Volgens die tydskrifartikel moet jy by jou vriende inpas.
1.12.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
1.12.2 Motiveer jou antwoord deur EEN SIN aan te haal. (1)
1.13 Lees weer STAP 1 van die tydskrifartikel.
SITUASIE: Jy gaan na 'n partytjie toe waar jy weet verkeerde dinge kan gebeur.
VRAAG: Wat sal jou kan help om die regte besluit te neem as jy moet? Haal EEN SIN aan. (1)
1.14 Hoe kan vriende wat dieselfde waardes as jy het, jou help? (1)
1.15 Watter sin beantwoord die volgende vraag KORREK? Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) in die antwoordeboek neer.
… jy voel bang, ongemaklik of verleë … (STAP 2)
Wat behoort hierdie emosies vir jou te sê?
A Jy voel goed daaroor.
B Jy moet daarvan wegbly.
C Jy wil dit nog bespreek.
D Jy het meer tyd nodig. (1)
1.16 Lees weer STAP 2 van die tydskrifartikel. Meisies sal hierdie raad makliker as seuns volg. Waarom, dink jy, is dit so? (1)
1.17 Wat kan jy vir jou vriende sê sodat hulle verstaan dat elke mens 'n individu is? (1)
1.18 Wat kan, volgens die tydskrifartikel, die gevolge wees as jy nie met die groep saamstem nie? (1)
1.19 Hoe kan jy, volgens die tydskrifartikel, die respek van jou vriende wen? (1)

**EN**

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 2006.04.27]

## WOORDEBOEKGEBRUIK

**af'slag** s.nw. Vermindering van prys: *Vir kontant kry u 10 persent afslag*. Eng.: discount. IsiZulu: isaPhulelo, ukwehlisa. Sesotho: ho theosa theko ya ntho/ho kgaolelwa.

**be·kos'tig** ww. Die koste van iets dra, betaal: *Ek kan nie 'n motor bekostig nie*. Eng.: afford. IsiZulu: ukukhona. Sesotho: hore e ja bokae/ho kgona tefo.

**gra'tis** b.nw. en bw. (L.) Sonder geldelike vergoeding, kosteloos, verniet: *'n Gratis toer. Iets gratis doen. Is toegang regtig gratis*? Eng.: design. IsiZulu: ukuhlela. Sesotho: ho etsa moralo/leano.

**toe'ge·wy** b.nw. en bw. Wat hom heeltemal gee aan die belange van iemand of aan iets; wat iets met oorgawe doen: *'n Toegewyde werker*. Eng.: dedicated. IsiZulu: ozibophezele, ozinikele. Sesotho: boinehelo (ka boinehelo).

[Bronne: *HAT* en *VEELTALIGE WOORDEBOEK*]

## VRAE:

1.20 Wie adverteer hierdie produk? (1)
1.21 Waarom is sekere woorde in die advertensie in hoofletters gedruk? (1)
1.22 '*Climate eyes*' en '*Transitions*' is die twee tipes lense wat geadverteer word.
1.22.1 Watter EEN van die twee lense gee vir jou die meeste waarde vir jou geld? (1)
1.22.2 Verduidelik in EEN SIN, in jou eie woorde, waarom jy so sê. (1)

1.23 Haal EEN WOORD uit die advertensie aan wat bewys dat jy nie die enigste persoon is wat teen UV beskerm kan word nie. (1)

1.24 As jy 'n bril wil koop, moet jy kontant betaal.

1.24.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.24.2 Motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die advertensie. (1)

1.25 Waarom pas die advertensie van die soorte lense by die gesig op die advertensie? (1)

(**8**)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: REIS OORSEE VIR MINDER

- Lees die wenke in die artikel ***REIS OORSEE VIR MINDER*** aandagtig deur.
- Skryf SEWE wenke vir 'n goedkoper oorsese reis uit die artikel neer.
- Skryf elkeen van jou wenke oor hoe om goedkoper oorsee te reis in 'n goeie volsin neer.
- Jy mag slegs EEN sin oor 'n wenk skryf.
- Skryf jou sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag NIE langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy NIE die getal woorde aandui nie.




1. Dink daaraan om na 'n kleiner lughawe naby 'n groot stad te vlieg. As jy Brittanje toe gaan, kan jy eerder na die Gatwick-lughawe toe vlieg as om direk na die Heathrow-lughawe te vlieg. Dis 'n halfuur per trein van Sentraal-Londen af.
2. Hou jou oë oop vir spesiale vlugaanbiedings, maar onthou om seker te maak dat die gekwoteerde pryse belasting en kostes soos die reisagent se gelde insluit.
3. Laat die internet vir jou werk. Jy kan die goedkoopste aanbiedings soek op webtuistes soos ***expedia.com*** of ***hotels.com***.
4. As jy 'n motor wil huur, bespreek vooraf die goedkoopste motor. Moenie wag totdat jy daar is nie. Ekonomiese klas motors is nie altyd op die dag beskikbaar nie en jy sal dan outomaties 'n beter motor kry teen dieselfde prys.
5. Probeer om jou kos nie op duur plekke soos lughawens en populêre toeristeplekke te koop nie. Supermarkte in plaaslike inkopiesentrums is goedkoper en jy kan jou kos saamdra.
6. Beplan jou program so dat jy nagtreine gebruik om tussen die verskillende plekke te reis. So spaar jy die koste van 'n hotelkamer.
7. As jy beplan om 'n tydjie op een plek te bly, dink daaraan om 'n woonplek te huur of om jou woonplek uit te ruil. Jy kan jou woonplek deur agentskappe soos www.homelink.org en teen 'n tarief van R1 000 laat registreer.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 2006.11.09]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**NEXT WEEK:**
**Afrikaans EAT**
**Graad 11 Memorandum**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: STROKIESPRENT

Lees die onderstaande strokiesprent aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:




[Uit: *Rapport*, 2003.01.05]

- Voltooi die volgende paragrawe met die hulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die antwoordeboek neer.

| | |
|---|---|
| Hêppie het lank vir Ben en Babsie gewerk totdat Ben eendag gesê het Hêppie moet aan sy (3.1 verlede) begin dink, want wat sou hy doen wanneer hy die dag aftree? | 3.1 Gee die antoniem. (1) |
| Hy kan nie vir altyd 'n (3.2 persoon wat in die tuin werk) wees nie. | 3.2 Gee EEN woord. (1) |
| Hêppie wou sy (3.3 lewe + styl) verander om ook soos Ben 'n groot huis met 'n swembad te hê. Hy het gedink | 3.3 Gee EEN woord. (1) |
| hy sou (3.4 baie ryk) word as hy sy eie taxi besit en hy het baie hard (3.5 vir dit) gewerk. | 3.4 Gee EEN woord. (1)<br>3.5 Gee EEN woord. (1) |
| Ben en Babsie is baie (3.6 verrassing) om Hêppie te sien! Hêppie het net vir almal 'n gelukkige Kersfees kom toewens, want hy gaan Durban toe. | 3.6 Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| Ben het gesien dat Hêppie (3.7 op/met/te) voet daar aangekom het en hy het (3.8 dadelik) gevra waar Hêppie se taxi is. | 3.7 Kies die korrekte woord. (1)<br>3.8 Gee die sinoniem. (1) |
| Die (3.9 skok) nuus is dat die taxi | 3.9 Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| gesteel is! Dit het op 'n baie (3.10 sleg) tyd gebeur. Almal wil hierdie tyd van die jaar êrens heen ry. | 3.10 Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| Ben se eerste (3.11 reageer) is om | 3.11 Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| te vloek! Hy is baie (3.12 onsteld/ontsteld), want die taxi-inkomste moes Hêppie se (3.13 neseier) wees vir sy oudag en Ben (3.14 weet/ken) hoe Hêppie geswoeg en (3.15 gewerk/gesweet/geleer) het om die taxi te kan koop! | 3.12 Kies die korrekte spelling. (1)<br>3.13 Gee die verkleining. (1)<br>3.14 Kies die korrekte woord. (1)<br>3.15 Kies die korrekte woord. (1) |

| | |
|---|---|
| Partykeer het Hêppie (3.16 17) uur per dag gewerk om te kan spaar vir sy droom! Hy het baie (3.17 geleentheid) gekry om ekstra geld te verdien, (3.18 naamlik) die restaurant waar Ben-hulle gereeld uiteet, het hom deeltyds in diens (3.19 gegee/geneem/gelewer) en Hêppie het (3.20 in die oggend) vroeg koerante afgelewer.<br>Hêppie sê vir Ben dat sy taxi nie padwaardig was nie. Ben hoop stilletjies dat Hêppie darem geld van die versekering uitgekry het! | 3.16 Skryf die getal (17) uit. (1)<br>3.17 Gee die meervoud. (1)<br>3.18 Gee die afkorting. (1)<br>3.19 Kies die korrekte woord. (1)<br>3.20 Gee EEN woord. (1) |

**(20)**

- Voltooi ook die volgende paragrawe met die hulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommer (3.21–3.36) in die antwoordeboek neer.

| | |
|---|---|
| Hêppie besoek Ben en Babsie elke jaar in Desember om (3.21 hulle 'n gelukkige Kersfees toewens). Hy sê vir hulle dat hy groet, want (3.22 hy Durban toe gaan).<br><br>Hêppie gaan (3.23 Durban toe skielik hierdie jaar). Ben het 'n idee dat daar iets verkeerd is. Ben kan Hêppie se taxi (3.24 êrens sien), daarom (3.25 hy vra waar die taxi is).<br>Hêppie weet die oomblik van waarheid het (3.26 breek aan)! Hy sou die een of ander tyd vir Ben moes vertel het dat (3.27 hy's gesteel).<br><br>Toe Ben dit hoor, (3.28 hy is dadelik kwaad). Hy is baie jammer daaroor, want hoe (3.29 Hêppie gaan nou geld verdien)? Die taxi was sy inkomste!<br>Eers was Hêppie baie versigtig om die nuus te deel, maar nou kom die waarheid uit. Sy taxi was (3.30 nie padwaardig nie)! Toe (3.31 die diewe het weggery), het hulle van niks geweet nie! Hulle behoort nie (3.32 ver kom nie). (3.33 Die verkeerspolisie gaan die taxibestuurder vang.). En dan sit hulle met niks nie! | 3.21 Skryf in die infinitief. (1)<br>3.22 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>3.23 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>3.24 Skryf in die ontkennende vorm. (1)<br>3.25 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>3.26 Gee die verlede tyd. (1)<br>3.27 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>3.28 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>3.29 Verander in 'n vraagsin. (1)<br>3.30 Gee EEN woord. (1)<br>3.31 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>3.32 Skryf in die infinitief. (1)<br>3.33 Skryf in die lydende vorm. (2) |

| | |
|---|---|
| Ben is net bekommerd oor Hêppie se inkomste. Hêppie het vir homself 'n (3.34 *saain-board*) gemaak wat sê dat hy nie werk, geld of kos het nie.<br><br>Babsie sê vir Hêppie dat (3.35 'Jy gaan mos nie baie geld maak nie.'), want daar is honderde sulke mense wat (3.36 die mense staan oral op die straathoeke)! Maar Hêppie is optimisties. Hy het 'n slim plan! Hy gaan in die branders tussen al die vakansiegangers staan met sy *saain-board*!! | 3.34 Vertaal in Afrikaans deur die volgende gedeelte uit die woordeboek te gebruik. Jy kan jou eie EEN woord saamstel.<br>**bedel** ww. (gebedel) **1** Geld, klere, kos vra (omdat 'n mens arm is): ***Die gebreklike outjie bedel op straat.*** **2** Smekend vra, soebat: ***'n Guns bedel. Ag buurvrou, ek kom bedel weer 'n bietjie suiker.***<br>**be'del•brief** s.nw. Smeekbrief om hulp te vra.<br>**bord** s.nw. (-e; -jie) **1** Ronde houer om uit te eet: ***Diep-, sopbord.*** **2** Houtblad, o.a.gebruik om op te skryf, kennisgewings op te plak, spele op te speel: ***Dam-, kollekte, skaak-, skool-, uithangbord.*** **3** Groot, regopstaande blad om met kryt op te skryf; swartbord: ***Sy kan tog so mooi op die bord skryf.***<br>**plak•kaat'** s.nw. (plakkate) **1** Kennisgewing, advertensie wat opgeplak word; aanplakbiljet: ***Die kunstige plakkate van Toulouse-Lautrec.*** Vgl. POSTER. **2** Geskrewe of gedrukte stuk papier of karton wat veral as protes iewers opgeplak of deur persone vertoon word: ***Die teëstanders van die regering marsjeer met plakkate deur die stad. Daar was plakkate net waar jy kyk, teen mure en vensters en deure, teen lamppale*** (Jeanette Ferreira).<br>**pos'ter** (s) s.nw. (uitspr. *pous'ter) (E.)* Plakkaat met kunswaarde: ***As jy nie oorspronklike kunswerke kan bekostig nie, koop jy maar posters. Sy het 'n poster van die popgroep teen haar kamermuur.*** (1)<br>3.35 Skryf in die indirekte rede. (2)<br>3.36 Gee die korrekte woordorde. (1) |

NEXT WEEK: Afrikaans EAT Graad 11 Memorandum

**(18)**

Lees die vorige strokiesprent van Ben en Babsie wéér aandagtig deur.
Skryf dan jou eie sin soos gevra met die korrekte leestekens.

3.37 SITUASIE: Ben en Babsie kan in die laaste prentjie nie glo wat hulle hoor nie.

VRAAG: Wat, dink jy, het Ben gesê om sy SKOK uit te spreek oor Hêppie se idee om in die branders te gaan staan tussen die vakansiegangers? **(2)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

# English FAL Grade 11 and 12 Vocabulary

The Department of Education has urged you to read as much as you can and to learn new vocabulary. Continue to read without stopping too often in order to look up words in your dictionary. Rather *guess the meaning* of an unfamiliar word: use clues from its spelling or shape (what part of speech it is; what affixes it has); use clues from the meaning of the rest of the sentence. A quick, intelligent guess about a new word will register it in your mind. Next time you will recognise it. Soon you will know it. In the meantime, you will have read many pages for general understanding instead of only a few for details. The more you read, the better.

Last week we introduced you to some vocabulary you should be familiar with. This included words starting with A, B and C. Today we have included D, E, F, G and H. Learn these words, use them regularly and improve your vocabulary. Look out for more words over the next weeks.

**D**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Data | debate | decade | decimal | decline | dedicate |
| defect | defer | deficient | define | definite | deflect |
| degenerate | degrade | deliberate | democracy | demonstrate | |
| denominator | denote | dense | deny | depress | deprive |
| derive | design | detect | detriment | deviate | devise |
| devote | diagram | diameter | dictate | diffuse | digest |
| dimension | discern | discourse | discrete | dispense | disperse |
| displace | dispose | dispute | dissipate | dissolve | distinct |
| distort | distribute | diverge | diverse | divine | doctrine |
| dominate | drain | drastic | duration | dynamic | |

**E**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| economy | edit | efficient | elaborate | electron | element |
| elevate | elicit | eliminate | eloquent | emancipate | embody |
| embrace | emerge | emotion | emphasize | empirical | enable |
| energy | enhance | enlighten | enrich | ensure | entity |
| enumerate | environment | episode | equate | equidistant | equilibrium |
| equipment | equivalent | err | establish | estimate | ethics |
| evaluate | evaporate | evident | eventual | evoke | evolve |
| exclude | execute | exert | exhaust | expand | expel |
| expert | explicit | exploit | exponent | export | expose |
| external | extract | | | | |

**F**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| facilitate | faction | factor | fallacy | fare | fate |
| feasible | feature | federal | fertile | final | finance |
| finite | fluctuate | fluent | fluid | focus | forego |
| formulate | fossil | found | fraction | fragment | fraternal |
| fraud | friction | frontier | frustrate | fuel | fulfil |
| function | fundamental | fund | fuse | | |

**G**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| generate | genuine | geography | geometry | germ | goal |
| grant | graph | gravity | guarantee | | |

**H**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| harbour | hero | hemisphere | heredity | hierarchy | |
| homogenous | horror | hostile | huge | hypothesis | |